



Pous Francis soek 'n aktiewe kerk

Ds. Finus van Zyl

Pous Francis het in 'n baie kort tyd baie opskrifte gehaal. Nie vir amptelike besluite of groot werke nie, maar vir klein, nietige gebare wat mense se harte geroer het.



Een van die eerstes was toe hy tydens sy eerste optog na die Vatikaan sy sekuriteit laat bont staan het, toe hy uit die prosesie uitbeweeg het en mense, onder andere 'n verlamde man, net aangeraak en geseën het. 'n Ander was tydens die Groot Lydensweek, toe hy die tradisionele voetewassing nie met die biskoppe gedoen het nie, maar met gevangenis, insluitende twee vroue en 'n Moslem.

Wat soveel aandag getrek het in die eerste ses maande van die pous se amp, is die informele, impromptu, amper onnadenkende manier waarop hy praat in sy preke, praatjies, gesprekke met joernaliste en gewone mense. Hy bel mense wat briewe aan hom geskryf het en sê: "Hallo, dis pous Francis hier." Soveel so, dat die Vatikaan voortdurend agterna kom met wysigings op sy woorde, om te probeer verseker dat die pous se geselsies teologies en kerklik korrek is.

In reaksie op 'n brief van 'n ateïs, het die pous gesê dat Jesus se bloed ook gevloei het vir ongelowiges. Dat hulle ook gered word deur Christus se genade en dat hulle ook na hul gewete moet luister en goeie daade moet doen, al glo hulle nie. Dit het omtrent 'n hêrrie veroorsaak en in die geraas het die storie so verdraai geword, dat mense later gedink het hy het gesê dat ateïste deur hul goeie daade gered kan word. Wat 'n bietjie snaaks hiervan was, is dat die protesteerders dit amper laat klink het asof hulle reken gelowiges kan deur hul goeie daade gered word! Eintlik het die pous maar net bevestig dat Jesus Christus vir die hele wêreld se sondes gesterf het.

In 'n informele gesprek op die vliegtuig op pad terug van Brasilië, het iemand vir die pous gevra of homoseksuele priesters in die bediening kan staan, waarop hy die nederige antwoord gegee het: "Wie is ek om te oordeel?" Hy is die pous! As iemand kan oordeel, dan is dit hy. Maar dit is wat pous Francis so interessant maak, dat hy moeite doen om homself nie voor te hou as die Christus nie, maar as 'n dienaar van Christus en van mense.

Sy eenvoudige kleredrag, die goedkoop motor waarin hy ry en die gewone woonstel waarin hy woon, is alles klein gebare waarmee hy probeer sê dat elke gelowige 'n dienaar van Christus en van mense is, ook die pous.

Maar, Pous Francis is nie net 'n pous van klein gebare nie. Hy is ook 'n pous met een groot boodskap: die kerk moet meer aktief raak om die armes te help. Die pouslike naam wat hy gekies het, verwys na Francis van Assisi, wat sy lewe gewy het om reg te laat geskied aan die armes.

Al die stryery tussen verskillende kerke, al die konflikte tussen gelowe en al die debatte oor morele kwessies, kan op die ou end net 'n manier wees waarmee die duiwel die kerk se aandag wil aftrek van ons een en enigste taak: om getuies te wees van die koninkryk van God, om medewerkers te wees van God se nuwe wêreld.

Binne

- 👉 Noodverligting in Klipheuwel
- 👉 Godsdienst en Psigiatrie

- 👉 Volwasse geletterdheid
- 👉 Homoseksualiteit

Uit die Woord – *Die brief aan die Hebreërs*

Ds. Gys van Schoor

Die Bybelboek Hebreërs word geskryf aan gelowiges wat op die geloofsreis begin moeg raak het. Daarom kom die aanmoediging dwarsdeur die boek om aan te hou: hulle moet vasgryp, hulle moet end-uit volhard, hulle moet oppas dat hulle nie agterbly nie, hulle moet nie stilstaan nie, hulle moet nie traag word nie, hulle moet styf vashou, hulle moet die wedloop met volharding hardloop. Hebreërs 12:12 sê: “Versterk daarom die slap hande en die lam knieë ...”

Die groot gevaar vir die geloofsreis is dat die knieë lam word en die hande slap. Nou is dit opvallend om te sien hóé die skrywer te werk gaan om die Hebreërs aan te moedig om te volhard. Hy versterk hulle geloof deur die volgende vir hulle te verduidelik:

1. Geloof is om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie. Geloof is 'n ander manier van kyk. Martin Luther het gesê: Geloof is om te sien wat jy nie sien nie en nie te sien nie wat jy sien. Verstand is die vermoë waarmee ons dinge sien soos almal dit sien – oppervlakkig. Geloof is die vermoë om dinge te sien soos wat God dit sien. Geloof is om met God se oë te kyk.

2. Hulle is omring deur geloofshelde wat al die wedloop

voltooi het. Hebreërs 12:1 sê: “Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, ... laat ons die wedloop wat vir ons voorlê met volharding hardloop.”

3. Hulle word opnuut saamgebind in 'n geloofsge-meenskap. Hebreërs 10:24: “Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.”
4. Hy rig hulle op Jesus en dit is die belangrikste wat die skrywer doen. Hebreërs 12:1-2 stel dit duidelik: “... laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus ... Hou Hom voor oë ... Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.”

En dit is wat die hele Hebreërbrief doen: Hebreërs 2:9: “Maar ons sien Jesus ...” Hebreërs 3:1: “Daarom moet julle noukeurig let op (ag gee op) Jesus” Hebreërs 12:2: “... die oog gevestig op Jesus ... Hou Hom voor oë ... die Begin en Voleinder van die geloof.”

Wie is Jesus vir jou?

Uit die wêreld – *Untouchable*

Ds. Finus van Zyl

Met die nuwe videowinkel in Durbanville, genaamd *1001 movies you must see before you die*, skuins oorkant Postnet, kan selfs ouers met klein kindertjies, wat nie meer by die filmteater uitkom nie, ook so dan en wan 'n goeie film te siene kry. 'n Voorbeeld is die uitstekende Franse komedie: *Untouchable*.

Dit is gebaseer op 'n ware verhaal en handel oor 'n skatryk, humorlose kwadroleeg, Philippe, wat soek na 'n persoonlike versorger. Driss, 'n immigrant uit Afrika, daag op by die onderhoude, nie om aansoek te doen vir die werk nie, maar net om 'n bewys te kry dat hy werk soek, sodat hy sy werkloosheidsversekering van die staat kan ontvang. Philippe vind Driss se onsimpatieke houding teenoor hom so verfrissend dat hy vir Driss aanstel vir 'n toetsperiode. Almal dink Philippe maak 'n fout, maar niemand kan ontken dat Driss nuwe sprinkel, humor en opwinding na die vervelige, aristokratiese huishouding bring nie.

Lanklaas het ek so uit my maag uit gelag, soos vir hierdie film. Op 'n ligte, vreugdevolle manier ontbloot die film ons vooroordele. As 'n mens na Driss kyk, dink jy dat hy 'n gevaarlike persoon is vir wie jy versigtig moet wees, terwyl hy eintlik borrel met humor en lewensvreugde. As 'n mens na Philippe kyk, kry jy hom jammer en respekteer jy sy stylvolle lewe, maar eintlik is hy 'n knorpot, wat siek en sat is vir mense wat hom bejammer en wat net probeer om in sy goeie guns te bly, ter wille van sy geld.

As Jesus oor die koninkryk van God gepraat het, het hy telkens gesê dat dit mense is van wie jy dit die minste



verwag, wat ware burgers is van God se nuwe wêreld: die minstes, die geringstes, die kinders, die sondaars, die tollenaars, die lammes, die siekes, die uitlanders en immigrante soos die Samaritaanse vrou by die put en die barmhartige Samaritaan. Mag die Gees ons oë oopmaak om anders na ons naaste te kyk, om mense nie te meet aan die standaardie van hierdie wêreld nie, maar om hulle te sien as Koningkinders.



Sopkombuis: *Kerke werk saam*

Betty Collins

Dis Maandag 19 Augustus 2013, presies 16 jaar nadat die eerste koppie sop aan 'n bergie bedien is. En nou is ons uiteindelik by die inwyding van ons eie nuwe Sopkombuis. Dit is 'n pragtige sonskynoggend na die vorige week se aanhoudende reën en 'n groepie mense, verteenwoordigend van die vyf plaaslike kerke, gesels in groepies. In die agtergrond wag die straatmense vir hulle sop en brood wat die dames van die Baptiste kerk later gaan uitdeel. Ons nuwe Sopkombuis is 'n spierwit geverfde skeepsvrachouer met al sy verbeteringe en hy pronk in die oggendsonnetjie.

Ds. André van Wyk verwelkom almal en pastoor Basil Sparks van die Baptiste kerk lees die bekende gedeelte uit Matteus 25:34-40: "Ek was honger en julle het my iets te ete gegee ..." Reverend Peter Langerman (Presbyterian Church) bid die Here se seën oor almal wat die oggend bywoon en hulle wat in die Sopkombuis werk en sop maak. Die Katolieke vader bedank almal vir hulle bywoning, ook hulle wat 'n finansiële bydrae gemaak het tot die aankoop van die skeepsvrachouer en hulle wat met die verbeteringe gehelp het. Hy noem ook hoe geseënd dit is dat vyf plaaslike kerke so goed saamwerk en sê dit is 'n bewys van wat gedoen kan word.

Noodverligting in Klipheuwel

Ds. André van Wyk

Ek het Donderdag 15 Augustus nuus ontvang dat heelwat van die plakkershutte in die laerliggende gedeeltes van Klipheuwel oorstroom het. Daar is toe gevra of die gebou, wat ons op daardie stadium gebruik het, as 'n tydelike noodsentrum gebruik kon word. Estelle, Mabuti en Cozmore van *Inside Out*, 'n nie-regeringsorganisasie wat in die gemeenskap werksaam is, het die meeste van die werk op die grond gedoen, ook die organisering tussen die verskillende organisasies en kerke wat betrokke was.

Daar is hande gevat en saamgewerk met:

- Armoede en Sorg (NG&VG Kerke)
- Josiah Trust
- Durbanville Community Church
- Inside Out (NRO)
- El Shaddai Church

Die Donderdagaand is huisvesting gebied vir 72 persone, waarvan heelwat klein kinders was en hulle is ook gevoed. Stad Kaapstad Rampbestuur het omtrent 22:00 die aand voorbereide kos gebring, wat die aand en ook die volgende dag versprei is.

Die Vrydag is kos gedurende die dag voorsien en die aand het 75 mense weer daar oornag. Armoede en Sorg het twee bale komberse en bietjie kinderklere voorsien en ook fondse uit die Natuurrampfonds om kos en ander



Die straatmense beweeg nader en word bedien met heerlike voedsame sop en brood en iemand gaan haal 'n stoel vir "Ou John" om op te sit. John het ses staalpenne in sy regterbeen. Hy is hier in Durbanville deur 'n kar omgery, wat daarna weggejaag het. John neem sy sop en brood en glimlag breed, want hy is dankbaar vir die sonskyn, die sop en brood en die omgee.

Dankie aan ons Hemelse Vader wat ons in staat stel om van diens te wees teenoor ons naaste en baie dankie liewe gemeente vir julle ondersteuning oor die jare – julle is sterre. Kom kuier een Dinsdagoggend by ons en geniet 'n koppie sop. Julle is baie welkom.



benodigdhede aan te koop.

Saterdag het die weer heelwat verbeter en mense kon hul huise afslaan en skuif na hoërliggende gebiede. Hul besittings kon ook begin droog word. Saterdagagaand is weer kos voorsien, maar daar is besluit dat die mense almal nou weer 'n heenkome het en daarom het niemand daar oornag nie. Die saal is skoongemaak en reggekry vir gebruik as kerk die volgende oggend.

Sondag is die gebou glad nie as noodsentrum gebruik nie omdat die kerkgroep dit gebruik het, maar daar is wel vanaf die erf nog kos aan van die gesinne voorsien. Dit het dan hierdie spesifieke noodlenigingsprojek afgesluit.

Dankie aan almal wat vinnig gereageer en gehelp het!

Geloof en geestesgesondheid

Ds. Rian Verster

Die verhouding tussen geloof en geestesgesondheid! Dit is die tema wat dr. Deon Bruwer, hospitaalpredikant in diens van die Sinode van Wes- en Suid-Kaap, tydens 'n aanddiensreeks in Augustus, aangebied het. Hier is die ervaring van vier mense wat die reeks bygewoon het.

Atel Streicher:

“Vir vier aanddienste in Augustus, het ek die voorreg gehad om dr. Deon Bruwer se reeks in verband met geestesgesondheid en geloof, by te woon. Sy reeks het die volgende vier onderwerpe aangeraak:

- Wat is Geestesgesondheid? Wat is geloof?
- As ek siek word.
- As geloof siek word.
- Geloof is goed vir jou!

Verskillende terminologie en denkwyses, soos wat is geestesgesondheid, spiritualiteit en “mindfulness” is uitgelig, asook my geloof: wat ek glo en hoe ek glo! Soos die reeks gegroei het, is daar gekyk na wat die inhoud van gesonde en ongesonde godsdiens, asook volwasse en onvolwasse godsdiens is.

Ek is opnuut weer bewus gemaak van God se deernis met ons in ons aardse lyding, maar so ook ons uitleef van liefde, deernis en genade in 'n gebroke wêreld.

Laastens was daar praktiese wenke om jou brein gesond te hou en ek het selfs geleer dat gaap een van die ag maniere



is om jou brein jonk te hou! Baie dankie aan dr. Deon Bruwer vir sy stylvolle aanbieding en almal wat hierdie reeks moontlik gemaak het!”

Rachel Cloete:

“As daar iemand is wat gelyk oor sielkunde en geloof kan praat, is dit definitief Deon Bruwer. Al het ek dit ook vooraf geweet, het die reeks my nog steeds verras. Van verstaan wat die simptome van sielkundig siek is, tot om gereeld te gaap wat my kan help om my brein gesond te hou, het dit dinge in perspektief gebring. Ek is baie bly dat ek die reeks bygewoon het!”

Wallie en Relna Cloete:

“Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek vir die uitstekende reeks wat dr. Deon Bruwer by Durbanville Gemeente aangebied het. Ons het dit baie insiggewend en geestelik opbouend ervaar. Dankie vir die voorreg. Mag julle onder die seën van die Here voortgaan met die aanbied van reekse van hierdie kwaliteit.”

Preke beskikbaar op MP3, en powerpoint op PDF, by www.durbanvillegemeente.co.za/preke/?all

Selfdood: *Nuwe denke*

Prof. Lizette Rabe (wat 'n seun a.g.v. depressie verloor het)

Afrikaans het die laaste klompie jare van kwetsende woorde ontslae geraak en nie net omdat dit politiek-inkorrekt was nie, maar ook omdat dit mensonterend was. Waarom dan steeds 'n frase gebruik, “selfmoord pleeg”, wat slagoffers van 'n siekte dehumaniseer en stigmatiseer?

By meer as 90% van mense wat aan selfdood sterf, is die oorsaak 'n biologiese siekte, naamlik depressie. In ons moderne tyd behoort ons dus nie meer 'n frase waarin die onbegrip en oordeel oor die slagoffers van 'n siekte vasgevang is, te gebruik nie.

Die denke agter die nuwe frase, “aan selfdood sterf”, is dat “selfmoord pleeg” 1.) argaïes is, 2.) dat dit iemand op 'n morele basis veroordeel en 3.) boonop die persoon kriminaliseer. Daarom ook die werkwoord dat iemand aan selfdood gesterf het, nie dat iemand dit gepleeg het nie (Engels “die of suicide”, nie “commit suicide” nie). “Pleeg” impliseer 'n wilsbesluit en van rasionaliteit kan daar nie sprake wees wanneer die mens se belangrikste orgaan só wanfunksioneer dat dit nie meer lewe kan onderhou nie.

In Nederlands en Duits word “selfmoord” toenemend vervang deur zelfdoding/Selbsttod, ook suicide/Suizid, om dieselfde redes. In Duitsland word selfs al (postmodern?) van “Freitod” gepraat, hoewel ek meen daar nie sprake van

“vrydood” kan wees nie. Die persoon is fataal en terminaal siek, letterlik sterwenskrank. “Vrydood” kan eerder vir 'n wilsbesluit rondom eutanase (genadedood) gebruik word.

Afrikaans behoort ook te ontwikkel tot die neutrale oerwoord suïsie en ons kom hopelik ook gouer by dié taalbestemming uit. Hopelik kán nuwe denke en nuwe taalgebruik saam ontwikkel sodat depressie, en diegene wat hul lewe daaraan verloor het, gehumaniseer kan word.

Problematies is natuurlik wanneer iemand ook 'n kriminele daad pleeg, soos 'n sogenaamde “selfmoordbomaanvaller”. Dis 'n foutiewe benaming. Die persoon se doel is om soveel as moontlik mense te dood – dus eerder “massamoordbomaanvaller”. Hy sterf boonop as martelaar, terwyl sy geloof juis suïsie as aartsonde veroordeel.

Maar wat depressie betref: ons behoort nie langer in Afrikaans 'n argaïese, veroordelende en inkriminerende frase te gebruik nie. Ons behoort eerder die persoon se lyding te humaniseer, en daarom uiteindelik, die frase te gebruik dat iemand aan depressie gesterf het, soos iemand anders aan kanker gesterf het.

Lizette was redakteur van die vrouetydskrif Sarie en is professor in joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch.



Volwasse geletterdheid

Rhoda van Schalkwyk

As jy geletterd is, kan jy lees en skryf. Wanneer jou lewe taaleise aan jou stel, kan jy aanhou funksioneer. Jy kan 'n padteken lees, jy kan 'n dagboek hou, jy kan ontspan met 'n glanstydskrif, jy kan 'n nota op die yskas plak, jy kan 'n brief op jou kind se kussing laat, jy kan volg as die dominee Sondag uit die Bybel lees. Natuurlik ja, want jy kan lees en skryf.

As jy ongeletterd is, kan jy nie lees of skryf nie. Miskien 'n klein bietjie, maar dis so moeilik dat jy skaam is. Jy sukkel as jy jou naam by die kliniek moet spel. Jy raak onwillekeurig aan die hakkel en huil. Jy sê jy het nie nou tyd nie of jou bril is weg. Jy's moeg ... ag lees gou vir Mamma die brief van juffrou. Hoe gaan jy als onthou? Hoe gaan jy daai lekker resep gebak kry? Hoekom het die lewe jou oorgeslaan? As daar maar net geld was destyds dat jy nie vir die jonger kinders moes help skoolgeld verdien het nie. Al wat jy kan onthou, is dat jy al jou hele lewe lank werk, van jou eie kinderjare af, elke dag.

En nou, noudat jy al 'n ouma is, is daar mense wat vir jou tyd het. Hulle wil met jou deel sodat jy ook sal kan lees en later ook skryf. Binne enkele weke kan jy jou eie naam spel, jy kan jou kinders se name skryf, jy kan selfs Jesus se naam skryf. Jy kan 'n kaartjie skryf as jou vriendin verjaar. Jy kan 'n kinderboekie vir jou kleinkind lees. En die mense wat jou ken, wil weet wat jy leer. Hoekom doen jy nou soveel moeite? Jy sê vir hulle jy het 'n interessante lewe gehad en jy wil eendag 'n boek daarvoor skryf.

As die lewe, die politiek, die armoede, veroorsaak het dat 'n mens nie tot funksionele geletterdheid kon vorder nie, dan is daardie mens die ware agtergeblewene van ons samelewing. Selfrespek word herbou langs die geduldige pad van geletterdheid. Deur verhoudings en met liefde word herstel gefasiliteer. Herstel wat selfs die leemtes en swaarkry van lank gelede kan omsit in 'n wil om te leer. Herstel wat 'n skoollose jeug kan omsit in leergierige wysheid wat kleinkinders inspireer om enduit skool toe te gaan.

Daar is 'n droom wat besig is om 'n plan te word hier in Durbanville. Ons wil 'n virtuele sentrum vestig sodat ons volwassenes kan help om geletterd te raak en dan verder te leer. Ons wil die oorsaak en gevolg van armoede knak met die koevoet van geletterdheid.

Vir my het betrokkenheid by volwasse geletterdheid my 'n ander bril laat opsit: my frustrasie rondom maatskaplike verval is omgesit in konstruktiewe betrokkenheid. Hier is 'n manier om 'n hand na iemand uit te reik op so 'n wyse dat die persoon daadwerklik langtermyn hoop vind. Dit is meer as politiek-korrekte gebare. Dit skep betekenis vir diegene wat gee en vir diegene wat ontvang. Dis nie visse uitdeel nie, dis visstokke maak. Dis die nederige besef dat al my leergeleenthede die antwoord bied op iemand anders se jarelange gebede om tog 'n kans te kry. Dit is om die hande, die voete, die hart van Jesus te wees sonder om te preek ... deur eenvoudig vir iemand die alfabet te leer.

Maniere om betrokke te raak:

- Help om mense te vind wat klasse wil bywoon
- Help deur klasse te fasiliteer op Maandagaande in Durbanville / elke tweede Saterdag in Klipheuwel
- Help met die baie administrasie
- Gee leiding met die bestuur van so 'n sentrum
- Gee aanvullende klasse vir lewensverryking: kuns / werk met geld / noodhulp / ander
- Maak broodjies vir diegene wat 3 uur lank klas bywoon, bedien vir hulle tee
- Speel Krabbel, domino's, slange-en-lere om vaardighede in te oefen
- Skenk tydskrifte / skryfbehoeftes / woordeboeke / geld vir handboeke en uitstappies
- Betaal vir opleiding van fasiliteerders
- Bid vir die leerders, want dit kos baie volharding
- Bid met erns vir ons wat klasse gee, want ons valuta is hoop

Wat jy eintlik moet doen, is om net een Saterdag 'n klas by te woon en dan self te besluit of en waar daar 'n nis vir jou is.

As jy wonder hoe jy betrokke kan raak, skakel Rhoda van Schalkwyk by rhodavs@telkomsa.net / 021 976 3972 / 076 869 3105.

LOGO DESIGN
Business Cards **BROCHURES**
ANNUAL REPORTS *Newsletters*
WEBSITE DESIGN
facebook branding **Adverts**
PACKAGING *Flyers* **POSTERS**
Wedding Stationery

083 261 2294 | gerda@creativesquare.co.za
www.creativesquare.co.za



Huisies van R599 000, beperkte binnehof-eenhede beskikbaar op 'n huurbasis teen R9500*
*Sluit ondersteunende leefstydienste in


DIE RUSTIGHEID SELF!



Droom jy van aftrede in die platteland maar is bekommerd oor sekuriteit en gesondheidsdienste?

Napier aftreeoord is 'n unieke leefstyoord met volle gesondheidsorgfasiliteite, insluitend ondersteunende en verswakte sorg dienste. Daar is 'n verskeidenheid behuisingsopsies beskikbaar – van een- en tweeslaapkamer kothuise tot binnehofeenhede.

Vir meer inligting skakel Wilhelm op 0861 177 750 of e-pos will@napiervillage.co.za of besoek www.napiervillage.co.za




NAPIER RETIREMENT VILLAGE

Laurie en Frits Gaum gesels oor homoseksualiteit

Ds. Finus van Zyl

Ons gemeente het vanjaar begin met 'n bediening genaamd *Dade van liefde*. Hierdie bediening fasiliteer gesprekke oor moeilike morele kwessies. Ons gesels oor spesifieke etiese dilemmas en vra vir mekaar wat ons, as gelowiges, se daad van liefde in hierdie geval moet wees. Vanjaar het ons reeds gesprekke gehad oor genadedood en egskeiding. Ons het ook vir mense wat die gesprekke bygewoon het, gevra om voorstelle te gee vir ander onderwerpe wat hulle graag sal wil bespreek. Een van die onderwerpe, homoseksualiteit, het ter tafel gekom op 12 September.

Ons het vir Laurie en Frits Gaum genooi om hulle verhale met ons te deel. Oor hoe 'n kind en ouer, albei predikante, moes stoei met die werklikheid van homoseksualiteit en wat die Bybel en die kerk te sê het daarvoor. Met moeite moes hulle leer om met mekaar te praat oor 'n onderwerp, seksualiteit, wat nie gemaklik bespreek is in hulle huis nie. Oor tyd moes hulle sin maak van wat God se Woord vir hulle sê en hoe hulle hul rol en roeping in die kerk verstaan – as 'n gay persoon (Laurie) en as 'n pa van 'n gay seun (Frits).



Nadat Laurie en Frits hulle verhale gedeel het, het mense hulle eie verhale en sieninge rakende homoseksualiteit gedeel, en Laurie en Frits het ook weer daarop gereageer. Alhoewel die standpunte rakende homoseksualiteit uitleenlopend was, was daar 'n goeie gesindheid om na mekaar te luister, om deernis en begrip te hê vir mense se uiters persoonlike en unieke lewensverhale en om die kompleksiteit van die saak te respekteer.

Al kon die persone teenwoordig nie met mekaar saamstem oor homoseksualiteit nie, kon ons steeds mekaar aansien as medegelowiges wat saam soek na God se wil, en wat mekaar steeds liefhet, te midde van ons verskille. Daarom is Romeine 14 ook aan die begin van die aand gelees. Paulus pleit in hierdie gedeelte by die gemeente om, te midde van hulle verskillende opvattinge, hulle

te beywer vir die dinge wat onderlinge vrede en opbou bevorder.

'n MP3 van die praatjie kan afgelaai word by www.durbanvillegemeente.co.za/groei/dade-van-liefde/

Integrating sexuality and spirituality

Michelle Boonzaier

The aim of the series of evening services wherein we reflected on the theme “Integrating Sexuality and Spirituality”, was to start a conversation in the faith community about the way in which we are spiritual beings and also physical bodies in community with God and other people.

When I look back on my life and my spiritual path, some of my very first encounters with God were through the bodies of other people. As a child I was not always aware of what my parents said to me about who God is, but I was always aware that their bodies were present in my life in a very significant way. This in turn has had a profound impact on my understanding of who God is and also my image of God.

A few key thoughts in the series on integrating sexuality and spirituality:

Everything that we are includes an element of both sexuality and spirituality, of physicality and faith. However, when one says that everything has an element of sexuality, we have to give content to the word. Sexuality includes biology, sexual orientation, gender identity as well as social constructs that inform all of these concepts.

When we say that we are both sexual and spiritual people, it is of utmost importance that we understand and acknowledge that we come from a faith tradition that has separated what happens in the public space and what

happens in the private space. Our faith tradition has also at times separated spirit and body. When we speak about integrating sexuality and spirituality, it is useful to have a conversation about overcoming these separations.

One reason, among the many, why we need to overcome these separations is the implications that they have for addressing issues like gender-based violence. Acts of violence against women and children happen in the private space by bodies to bodies. However, in order to overcome acts of violence we need to address it in the public space, and we need to address the spiritual nature of these bodily acts. This is just one of our challenges that can be addressed by integrating sexuality and spirituality.



7 Dae muur van gebed

Bertha Pretorius

Die kerk is opgeroep om te bid vir herlewing gedurende die week van 2–8 September 2013. Ons gemeente het saam met ander gemeentes regoor die land gebed vir herlewing en lidmate uitgenooi om een steen te wees in die muur van gebed.

Wat verstaan ons onder herlewing? Bennie Mostert beskryf dit soos volg in sy boek, *Wanneer God mense nuut maak*: Dit gaan oor 'n soewereine, spontane, onverklaarbare uitstorting en werking van die Heilige Gees wat nie georganiseer of beplan kan word nie. Dit het 'n bonatuurlike Goddelike element, wat nie menslik verklaar kan word nie. Iets bonatuurliks gebeur in mense se harte. Alles verander binne 'n oogwink, daar is 'n onverklaarbare nuwe bewustheid van God, volkome oorgawe, radikale gehoorsaamheid en vurige liefde vir God en mens. Mense begin om God in Gees en waarheid te aanbid en om in God se teenwoordigheid te leef.

Die jeuglokaal was ingerig as gebedskamer en was oop van 08:00 tot 20:00. Daar is vyf stasies ingerig: 1. Daar is gebed vir persoonlike inkeer en herlewing; 2. 'n fokus op God; 3. ons gemeenskap en meer spesifiek die jeug; 4. sending en meer spesifiek vir Petrus en Lisle se gesin; 5. en daar is ook gebed vir ons gemeente, vir ons predikante, kerkleiers en bedieninge. Ons het vanuit die Woord gebed en vertrou volkome dat God self sal ingryp in die gang van die geskiedenis. Saam met die Psalm-digter is dit die gebed vanuit ons hart: "Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie" (Psalm 85:7).

Gemeente Retraite

Ds. Gys van Schoor

In Augustus het ons gemeente 'n retraite gehou met die tema: "Ons het ons misgis met Jesus." Hier is sommige lidmate se ervarings:

Neil

Wat was my ervaring van die naweek? *Stunning!!!* Vir iemand soos ek wat sukkel om tot rus te kom, het ek myself verbaas, dat ek met die hulp van die Here dit reggekry het. As 'n mens deur moeilike tye gaan, is jy geneig om jouself eerder met aktiwiteite besig te hou. Maar dit is juis as jy jou tot "rus" wend dat jy tot rus en vrede in jouself kom, het ek ondervind. Dit help baie om intensief, sonder afleiding, jou denke te herkou. Wat het die Here vir my kom leer? "To live freely and lightly! With heaven on earth."

Jennie

By die retraite het ek geleer om te stop, te luister na Jesus en Hom te volg. Vandat ek dit oefen, is my lewe soveel ligter.

Marlize

Ek het by die retraite net eenvoudig vir Jesus "gesien" soos nog nooit tevore in my lewe nie. Die "Vreemde Koning" wat deur sy Gees oral teenwoordig is en nader is aan ons as ons vel! Dit is 'n voorreg om 'n verteenwoordiger van hierdie Koning te wees. Ek lees die evangelies met 'n nuwe verwagting ..."



Ons bly voortbid vir herlewing en ons nooi lidmate om aan te sluit by gebedsgroepe vir gesamentlike gebed. In Handeling 1:8 het ons die belofte dat ons krag sal ontvang as die Heilige Gees oor ons kom en dat ons getuies van Jesus sal wees in Jerusalem sowel as die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde. Laat ons dan vra vir die Vader, vir die Heilige Gees waarsonder ons nie ons roeping as dissipels van Jesus kan uitlewe nie.

Leon

Dit was 'n *eye opener* en 'n *great* naweek! Die Here het my 'n nuwe manier van dink kom gee en ek is opgewonde oor die volgende naweek. Ek hoop meer mense kan dit bywoon.

Amanda

My verhouding met die Here is verdiep en ek is bewus gemaak van Jesus wat in klein gestaltes na my toe kom en orals en altyd hier op aarde by ons is — my reis is nooit alleen nie. Ons is bewus gemaak dat die hemel nie daar bo is nie, (soos wat ons altyd gedink het nie) — die hemel is hier op aarde. Jesus nooi ons gedurigdeur om deel te word van sy koninkryk.

Dawie

Dit was vir my 'n heerlike rustige stilword by Jesus saam met mededissipels. Behalwe die beter verstaan van die koninkryk van God op aarde, is die belangrikste iets wat ek uit die naweek geleer het, hoe belangrik dit is om stil te raak en tyd saam met Jesus te spandeer.

VOLGENDE Retraite

15 - 17 November

Tema: Emosioneel gesonde spiritualiteit

Plek: Wortelgat

Koste: R600 pp



gēsIGgies

Rooikappie lei vir Wolf na Jesus toe!



Maatjies, wat onthou julle van die toneelstuk van Rooikappie en Wolf? Kan julle onthou wat was die les wat ons hieruit geleer het?

Oppad na haar Ouma toe, word Rooikappie in die woud voorgekeer deur die groot nare wolf, maar in dié toneelstuk is die storie ietwat anders.

Rooikappie, wat gespeel word deur Chanene Swart, leer vir Wolf (Michael du Plessis) van Jesus en hoe Hy almal vergewe as hulle daarna vra — jy moet net bid en vergifnis vra!



ook dat jy nie weer mag vloek nie."

Wolf het gedink hy is gelukkig om so alleen in die woud te bly en dat hy niemand nodig het nie. Dat almal vir hom moet bang wees, maar Wolf het geleer dat mens meer vriende het as jy vriendelik is, as wat jy het as jy onvriendelik is.

Deur Wolf se foute soos jok, steel en vloek uit te wys, leer Rooikappie hom van 'n beter lewe.

"Al wat jy moet doen, Wolf, is om te bid en vir Jesus te vra om jou te vergewe," het Rooikappie gesê. "Maar dit beteken



Elke kort-kort "struikel" Wolf en glip daar weer 'n woord uit, maar na hy op sy wolweknieë gegaan en gebid het, erken hy dat hy anders voel. Rooikappie verduidelik toe dat dit Jesus is wat nou in Wolf se hartjie woon.

Saam is Rooikappie en Wolf na Ouma se huis toe, waar hulle heerlik gekuier het.

In plaas daarvan dat Wolf sleg gebly het, het Rooikappie, deur Jesus se liefde, vir Wolf 'n beter mens (of in dié geval, wolf) gemaak en hom na Jesus toe gelei.

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:
 Vol blad R2000 | Halwe blad R1000
 Kwart blad R 500 | 1/8 blad R250
 Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
 (Die redaksie behou die reg voor om advertensies te weier wat nie by die aard van SIG pas nie.)

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl
Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by SIG of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

“Ons het nog nooit dié storie gehoor nie.”

Lisle (namens Lisle en Petrus)

“Prys die Here!” So groet die Indiese Christene mekaar. 'n Paar maande gelede het ons gesin by 'n klein studentehuiskerk betrokke geraak. Dit bestaan uit studente van onder andere Mongolië, Burma, Nepal en Noord-Indië. Dis so 'n voorreg om saam met hulle die Here te loof en te prys!

By een van hulle “fun nights,” is die storie van die Bybel kortliks met die groep gedeel. Petrus het hulle gevra hoe kom dié storie die “goeie nuus” genoem word. Elkeen het gesê wat hy of sy dink. Twee Nepallie-meisies het gesê dat hulle nog nooit voorheen hierdie storie gehoor het nie! Eersten was dit goeie nuus dat Jesus mag het oor die bese teeste en tweedens dat Jesus, wat sondeloos was, bereid was om vir ons sonde te sterf! Ek was so dankbaar dat hulle die geleentheid gekry het om God se storie te hoor en daarop te reageer.

Later het ek besef: Dit was 'n wonderwerk! Die feit is ek bly in 'n land met 1.2 biljoen mense waarvan meer as 80% Hindoes is en ons is omring met lande wat oorwegend Moslem, Buddisties, animisties en kommunisties is. Jesus sê die koninkryk van God is soos 'n klein mosterd-saadjie, maar dit groei tot die grootste boom in die tuin. Wat wil Hy met hierdie groepie doen?

Noord-Kaap uitreik

Proponent Christi Thirion

Die afgelope Junievakansie het 'n groep van ons gemeente besoek afgelê in Vredesvallei. Dit was in vele opsigte 'n moeilike besoek.

Die moeilikheid het begin toe ons die sleepwaens moes haak en die Mercedes-minibus nie 'n standaard krag sok vir die sleepwa gehad het nie. Ons moes dus ons vertrek met ongeveer 'n ½ uur uitstel om 'n omskakelaar by Mercedes in Century City te kry. Die sleepwa-minibus-verhouding het egter nog 'n knou gekry toe die sleepwa, met Pofadder in sig, se wiel morsaf gebreek het. Sonder enige skade aan die minibus, lewens of ander eiendom, het 'n barmhartige Samaritaan met familie op Pofadder, ons kom help. Nikkie Visagie het ons sleepwa langs die pad kom oplaai, dit by sy huis op Pofadder gestoor en vir ons sy eie sleepwa geleen om tot op Vredesvallei te kom.

Oor die tyd in Vredesvallei skryf Marlize Meyer, wat saam met haar gesin as sendeling daar woon en werk: “Die 12 jongmense het ons kinders kom seën met hulle liefde en tyd. Daar was daagliks speletjies gespeel, stories vertel, poppekas gehou en 'n klomp drukkies uitgedeel. Dit was heerlik om te sien hoe ons kindertjies se gesiggies ophelder as daar net 'n bietjie aandag aan hulle gegee word. Die jongmense het ook elke dag “prayer walking” gedoen ... Hulle het gebid teen die werking van die duiwel en ook dat elke kindjie hier 'n verhouding met God sal hê. Die groepie het baie diep in ons harte kom inkruip. Dit was regtig spesiaal om saam met hulle te kuier en te sien hoe pragtig dit is as jongmense van hulself vir God se koninkryk kom gee.”

Dit wat Marlize en haar gesin as seën ervaar het, was egter deel van ons moeilikheid. Die Here het ons jongmense se oë



Tydens 'n ander “fun night” het hulle mense na 'n Bybelstudie oor die storie van God genooi. Verlede Sondag het drie “soeker” meisies van Mongolië by die Bybelstudie opgedaag. Bid saam met ons dat die Heilige Gees harte sal voorberei vir sy waarheid en dat hierdie pragtige jongmense gered sal word.

Petrus gee hierdie maand leierskapsopleiding vir die potensiële leiers in die huiskerk. Deur 'n eenvoudige Bybelstudiemetode, waar die Bybel die hoof-leermeester is, raak hulle bekwaam om self groepe te begin en te lei.

Liewe Durbanville Gemeente, julle is deel hiervan! Dankie dat ons julle kan verteenwoordig. Ons sien uit om julle Novembermaand te sien en meer met julle te deel.



ooggemaak vir die hartseer van armoede en die bese kringloop wat dit tot gevolg het. Dit het ons harte gebreek om te besef dat ons een-week-per-jaar-besoek slegs krap aan die punt van die ysberg. Ons moes ook daardeur leer dat ons 'n belangrike, maar tog onbelangrike rol speel in Jesus se werk daar en dis 'n les wat moeilik is om te verstaan.

Mag Jesus meer doen in Vredesvallei as waarvoor ons kan bid of waarvoor ons kan droom en mag die moeilikheid wat Jesus in ons kom maak het, ons daartoe dryf om nooit op te hou werk en bid vir die koms van sy koninkryk nie.

Dankie aan almal in die gemeente wat iets geskenk het en op klein maniere Jesus se instrumente was om ons te help op die uitreik.